The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

Posadres	Posbus 2648, **NOORDHEUWEL** 1756	**Kantoor**	Dekkerstraat 37 **KRUGERSDORP WES**
Tel. (Kantoor) **Faks**	082-459-5747 086-528-9914	**E-pos** **Webblad**	admin@thecradleofhope.org http://thecradleofhope.org

NUUSBRIEF
MAART 2010

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asb. die volgende e-pos adres: admin@thecradleofhope.org

Liewe vriende

So baie opwindende dinge het gedurende die afgelope 6 weke gebeur. God is besig om soveel deure oop te maak vir **THE CRADLE OF HOPE**. Al die eer en glorie aan God, ons Skepper!!

THE CRADLE OF HOPE is gewillig en gehoorsaam aan God se Woord en ons streef daarna om altyd in Waarheid en Regverdigheid op te tree. ***Jesaja 1:19 – "As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet."***

Ons is verskriklik dankbaar vir elke donateur wat ons ondersteun om ons te help om uit te reik na minder-bevoorregte persone. Baie baie dankie! Ons opregte dank aan elkeen van julle vir julle bereidwilligheid om betrokke te raak en ons te ondersteun. Sonder julle volgehoue ondersteuning kan ons eenvoudig nie ons roeping en skeppingsdoel vir ons lewens volvoer nie.

Hier is 'n basiese uiteensetting van ons onderskeie projekte. Ons benodig asb. julle hulp! Raak asseblief betrokke!

1) **THE CRADLE – House of Restoration:**

Ons House of Restoration, vir minder-bevoorregte mammas en hulle kinders, sowel as swanger tiener meisies, is amper voltooi en vanaf Maandag 29 Maart 2010 sal ons by hierdie

huis werk, sodat ons alles gereed kan kry vir die opening van die huis op 01 Mei 2010. Indien julle ons wou kom help, skakel asb. vir Melodie op 082 459 5747. Ons kan verseker doen met ‘n paar ekstra hande vir hulp.

Ons benodig nog dringend enkel beddens asook “bunk beddens” en matrasse en ons sal julle hulp hiermee opreg waardeer. Enige ander meubels of huishoudelike items sal ook baie welkom wees, aangesien ons hierdie 7 slaapkamer huis moet toerus.

Bank besonderhede:
THE CRADLE OF HOPE
Eerste Nasionale Bank, Krugersdorp Tak – 250241, Rek: 6218 035 2628, VERW: HOR
(Faks asb. die bewys van betaling aan 086 528 9917 – Indien u ‘n Belasting Sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

2) THE CRADLE OF HOPE – Stimulerings groepie vir kleuters by die Kroningspark tentdorp:

Dit gaan uitstekend met die vordering van ons stimulerings groepie vir die kleuters van die Kroningspark tentdorp. Elke oggend vanaf 09h00 tot 12h00 word ‘n basiese kleuterskool program aangebied vir hierdie kleuters, en hulle leer basiese voorskoolse vaardighede aan. Hierdie kleuters het nie die voorreg om kleuterskole by te woon nie, en wanneer hulle Graad 1 toe gaan het hulle alreeds ‘n enorme agterstand. Met behulp van hierdie basiese kleuterskool program wat ons vir hulle aanbied voorsien ons hulle van die nodige “toerusting” wat ‘n beter lewe sowel as ‘n beter toekoms vir hulle kan bewerkstellig. Ons benodig voorskoolse opvoedkundige speelgoed, boeke, skryfbehoeftes, kinderklere, verf ens. Indien iemand betrokke sou wou raak skakel asb. vir Elmarie op 083 650 3587.

Bank besonderhede vir Projekte 2, 3, 4 en 5:
THE CRADLE OF HOPE – Assist A Child account
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6219 699 4498, VERW: AAC
(Faks asb. die bewys van betaling aan 086 528 9917 – Indien u ‘n Belasting Sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

3) THE CRADLE OF HOPE – Stimulerings groep vir babas by die Kroningspark tentdorp:

‘n Stimulerings groep vir babas is gedurende Maart 2010 begin. Elke Woensdag oggend vanaf 10h00 tot 11h30 woon mammas en hulle babas die groepie by en geniet koek en tee. Die mammas word geleer hoe om hulle babas maksimaal te stimuleer. Ons benodig asb. baba produkte, baba klere, opvoedkundige baba speelgoed ens. Skakel asb. vir Christene op 082 923 8401 indien julle betrokke sou wou raak.

4) KRONINGSPARK – Naskool huiswerk sentrum:

Die naskool huiswerk sentrum van die Kroningspark tentdorp open uiteindelik op Maandag 12 April 2010. Hier sal al die skoolgaande kinders elke middag gehelp word met hulle huiswerk, sowel as hulle take vir skool. Ons benodig skryfbehoeftes, boeke, tydskrifte en ‘n boekrak. Indien julle gewillig sou wees om hierdie projek te ondersteun skakel asb. vir Charmaine van **YESHUA CHILDREN’s MINISTRY** op 082 971 8098. Raak asseblief betrokke!

5) THE CRADLE OF HOPE – Voedings skema vir die kinders van die Kroningspark tentdorp:

Elke dag verskaf **THE CRADLE OF HOPE** twee maaltye aan die 54 kinders van die Kroningspark tentdorp. Die kinders ontvang pap in die oggende en wanneer hulle van die skool af kom, ontvang hulle toebroodjies, en wanneer skenkings dit toelaat, ontvang hulle 'n gesonde gekookte maaltyd. Ons benodig asb. Oats pap, Weetbix, lang-lewe melk of melk poeier, brood, margarien, grondboontjie botter, kaas, blikkies vleis, sardientjies in tamatiesous, marmite, Melrose, eiers, vrugte, mayonnaise, macaroni, maalvleis, groente ens. Indien julle kan help skakel asb. vir Melodie of SMS op 082 459 5747.

6) THE CRADLE OF HOPE – Bemagtigings program vir minder-bevoorregte vrouens:

Ons opleidings program vir minder bevoorregte vrouens het 'n aanvang geneem, en hierdie dames word vaardighede aangeleer wat hulle uiteindelik daartoe in staat sal stel om vir hulleself sowel as vir hulle kinders te kan sorg. Hulle word naalwerkvaardighede aangeleer sowel as brei en hekel, kraletjiewerk, seepmaak, bakwerk ens. Ons benodig afval material, wol, breinaalde, naaldwerk benodighede, naaimasjiene, breimasjiene, ens. Indien u oor 'n spesifieke vaardigheid beskik wat u graag sou wou deel met minder-bevoorregte vrouens, skakel of SMS asb. vir Melodie op 082 459 5747. Ons het u talente nodig! ***"Kom ons leer vir hierdie vrouens hoe om hulle eie vis te vang".***

7) THE CRADLE OF HOPE – Charity winkel:

Deel van ons bemagtigings program vir minder-bevoorregte vrouens is ons klein Charity winkel wat ons gedurende Februarie 2010 begin het. Produkte wat deur die vrouens vervaardig word, word hier te koop aangebied sowel as oorskot donasies soos klere ens, nadat dit skoongemaak en heelgemaak is. Sodoende het ons vir 'n paar vrouens werk geskep, en fondse wat hierdeur gegenereer word, word weer aangewend vir die aankoop van kos, die betaling van skoolfooie, mediese voorraad ens. Ondersteun asb. ons Charity winkel by no 65 Commissioner Straat, Wes-Krugersdorp. Enige donasies sal opreg waardeer word.

8) POMFRET uitreik:

Vanaf 07 – 10 April 2010 sal ons weer besoek aflê by POMFRET. Ons wil graag vir hierdie uiters minder-bevoorregte persone klere, kos, skryfbehoeftes, mediese benodighede, kleuterskool voorraad, komberse ens. neem. Kontak asb. vir Zac op 073 814 2288 indien u ons kan help met hierdie uitreik aan POMFRET.

Bank besonderhede:
THE CRADLE OF HOPE
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6221 476 7272, VERW: POMFRET
(Faks asb. die bewys van betaling aan 086 528 9917 – Indien u 'n Belasting Sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

9) SWAZILAND UITREIK:

Gedurende Julie 2010 sal **THE CRADLE OF HOPE** aansluit by Janine Maxwell en haar span van **HEART FOR AFRICA** in Swaziland. Gedurende hierdie groot byeenkoms, deur Janine georganiseer, sal 15 000 weeskinders en minder-bevoorregte kinders van Swaziland elkeen 'n

warm kombers sowel as ‘n gebreide of gehekelde “beanie-mussie” ontvang. Ons benodig asseblief komberse sowel as persone wat bereid is om “beanie-mussies” te brei of te hekel. Indien u betrokke sou wou raak by hierdie uitreik, e-pos asb. vir Melodie op melodie@thecradleofhope.org en die nodige inligting sal aan u gestuur word. Help ons asb. om hierdie minder-bevoorregte kinders te help om hierdie winter warm te kan slaap.

10) THE CRADLE OF HOPE – Garden World Kontrei Mark:

Ondersteun asb. ons GARDEN WORLD KONTREI MARK wat afskop gedurende Mei 2010. Dit is strategies geleë in die tropiese tuine van die bekende en befaamde GARDEN WORLD KWEKERY, in Beyers Naudé laan, Muldersdrift op die Wes Rand. Die Garden World Kontrei Mark is ‘n wonderlike geleentheid vir jong entrepreneurs om hulle ware uit te stal en te verkoop aan die publiek. Hierdie mark sal bydra tot die genereer van fondse vir **THE CRADLE OF HOPE** om gebruik te word om ons onderskeie projekte te ondersteun. Die produkte wat gemaak word deur die dames van **THE CRADLE – House of Restoration**, sal ook hier te koop aangebied word. Hierdie mark sal oop wees op Saterdae, Sondae en publieke vakansiedae vanaf 09h00 tot 16h00. Die mark is geleë in ‘n onderdak area. Vir verdere inligting en om moontlik ‘n uitstaller en verkoper by hierdie mark te wees, skakel vir Bernadette op 082 654 2223.

Baie baie dankie aan al ons donateurs vir julle ondersteuning. Ons kan eenvoudig nie hierdie werk doen sonder julle volgehoue ondersteuning nie.

CRADLE liefde en seëninge

Melodie van Brakel
DIREKTEUR: Maatskaplike dienste
THE CRADLE OF HOPE
SEL: 082 459 5747
www.thecradleofhope.org
Artikel 21 Maatskappy: 2007/030236/08
NPO (Non-Profit Organisation): 062-511
PBO (Public Benefit Organisation): 930 027 742
BTW registrasie nommer: 4760248593

Direkteure : Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel
A. Hone